# Ruach Bediening Nuusbrief

Maart 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ....1
2. Gebedsterapie sessies in Maart 2024 ....2
3. Getuienisse ....2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ....5
   a. Oë wat blink ....5
   b. Kamer 712 ....6
   c. Mense sal jou seermaak ....8
   d. Boom ....8
5. So terloops ....8
6. Beplanning vir volgende maande ....9
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ....9
8. Bybelskool ....10
9. Afsluitings Gebed ....10


## 1. Gedagte vir die maand









## Jeremia 29:11-13

**[11]Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes
van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. [12]Dan sal julle My
aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. [13]En julle sal My soek en
vind as julle na My vra met julle hele hart12 o Jerusalem, prys die HERE! o Sion, loof
jou God!**

**2.** *Gebedsterapie sessies in Maart 2024*

| | |
|---|---|
| 64 | Gebedsterapie sessies in **Centurion** |
| 5 | Gebedsterapie sessies per **Telefoon** |
| 25 | Gebedsterapie sessies per **Video Call** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Zoom** |
| 6 | Gebedsterapie sessies in **Delmas** |
| 18 | Gebedsterapie sessies in **Middelburg** |
| 9 | Gebedsterapie sessies in **Nylstroom** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Fochville** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande** |
| 127 | **Totale gebedsterapie sessies vir die maand** |

**3.** *Getuienisse*




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**<u>Getuienis 1</u>**: Liewe Sarel!!! Ek wèèt dat ons Hemelse Vader so bly is omdat Sy droom vir jou verwesenlik is!! Vir jare al sien ek geen veroordeling en 'n diep, onvoorwaardelike Jesus liefde in jou!! Was al baie in jou precense en het nog altyd Jesus deur jou ervaar!!! Mag Hy jou nog meer en meer en meer van Homself gee, want jy gee dit wat jy van hom ontvang, uit na Sy kinders wat so sukkel en seer het!! Ek dink jy's soos 'n profeet van ouds!! En weet jou liefde vir Hom kom altyd eerste!! Mag God jou nog meer vul en meer van Homself gee, want jy vat nooit Sy eer nie!!! God seën jou en Gerda!!

**<u>Getuienis van Rossi</u>**: EK HET OOK GEDINK GOD IS DOOD

Ek lewer weer hierdie getuienis, tot God se eer.

Vir iemand wie dink God is dood.

God werk groot in en deur my lewe, en doen steeds.

He is THE GREAT I AM.
Hy is "EK IS" - HY is die God van ons vaders, Abraham, Isak en Jakob. Dit is Sy Naam vir ewig, en dit is Sy gedenknaam van geslag tot geslag.
(Exodus 3: 14 en 15). Hy is Heilige God van Israel (Yahweh), Skepper God (Elohim). Master of the Universe, LORD MASTER. ADONAI. He created Universe in only 6 days (Genisis 1:31) - He who turn impossible tot possible, natural to supernatural and supernatural to the extraordinary. Hy kan meer vir jou doen in n multi miljoenste van 'n sekonde, as wat enige mens ooit in 'n leeftyd sal kan doen! To Him belong the kingdom, the power and the glory for ever and ever. Amen

Ek het hierdie wilde, woeste, wereldse lewe geleef, waaroor ek al baie getuig het: Verwerp, Geboelie, Gemolesteer, Tronk, Malhuis, jare drug addict en jare Alkoholis, jare geboer in sinagoges van satan : bars, kroee, nag clubs, strip clubs, rave clubs, hoerhuise, was amper n satanis ook en was meer as tien keer in my lewe amper dood gewees, wat ek die dood net - net

gemis het, op verskeie maniere, drie van die kere is ek amper dood gery met lorries en het die dood letterlik met sentimeters gemis.

Ek het hierdie wilde lewe vir veral 23 jaar geleef, van 17 jaar tot 40 jaar. Toe ek wedergeboorte is, waar ek as 29 maande boemelaar wou selfmoord pleeg met n oordossis heroin, in Joubertpark, Hillbrow, Johannesburg en God my gered het, net voor ek dit gedoen het.

Ek het n stem uit die hemel gehoor, 17:00 die middag se kant wat se: Moenie, begin jou lewe van voor af, gaan terug Orkney toe, waar jy groot geword het. Dit was die heel laaste plek op die aardbol waarheen ek wou teruggaan, want my familie wou my nie he nie en ek het geweet dat baie mense wat my ken, my gaan spot omdat ek vroeer besighede gehad het, en opgeindig het as hobo.

Daar het ‘n groot, helder wit, verblindende lig oor my gekom en ‘n krag het oor my gekom wat ek nog nooit ervaar het nie en my beet gekry terwyl ek daar gestaan het, sodat ek begin terug stap, dit is 168 km. Ek het deurnag teruggestap en het nog nooit op enige staduim vroeer in my lewe soveel energie gehad nie. Nie net tel mense sommer mens op in die aand as mens ryloop nie en wat nog te se van ‘n vuil hobo wat meer as 30 dae laas gebad het.

Tot vandag weet ek nie of iemand my opgelaai het of nie. Al wat ek weet, is dat ek die volgende middag om en by dieselfde tyd langs Orkney Golfbaan was, langs die Vaalrivier. Daar het ek my oe uit my kop gehuil, soos nog nooit op enige staduim in my lewe en deur baie trane gese HERE, HIERDIE IS NIE N LEWE VAN OORVLOED EN VOORSPOED NIE, KRY MY UIT HIERDIE GEMORS.

So ruk daarna, is ek na Brug slaghuis in Orkney en het daar met n plakkaat gesit, met die volgende woorde op:
Ek soek nie geld nie, maar werk. Daar het ‘n vrou gestop en gevra of ek die Sondag wil kerk toe gaan saam hulle. Ek het ingestem. Die Sondag in Orkney PPK Kerk het die preek gegaan oor geloof sonder dade is dood (Jak 2:17).

Ek het daar gesit met ‘n laaste 50 rand aan my wat ek by iemand gekry het en met God gepraat en gese: Here, ek het alles in my lewe verloor, familie wil my nie he, ek het geen kos, geen klere, geen blyplek, geen werk, geen self respek, geen menswaardigheid oor nie, maar gaan U vertrou van nou af vir die res van my lewe, om vir my te sorg en my lewe oor te vat. Ek weet as ek die R50 in die kerk saai, het ek nie n bord kos vir more nie. Ek het toe alles in die kerk gesaai. Dit was my beste belegging ooit!

Daar het ek my lewe oorbegin, op 40 jaar en 4 maande, met nie 1 sent nie, maar met God. God se in Matteus 6:33 Soek EERS MY KONINGKRYK en geregtigheid, dan sal julle al hierdie dinge kry.

Toe ek uit die kerk stap, het God deur Sy Gees aan my gese: I will for sure answer you with I AM who I AM, and will give you peace not from this world.

Dit was die laaste aand wat ek ooit op die straat geslaap het - 23 Augustus 2015. Ek het naby die speurkantore van die polisie op n kaal sement vloer van ‘n woonstel Blok gele en slap. My gesprek daar met God sal ek nooit vergeet. Ek het gese: Here, nou moet ek so waar as wragtig weer op sement slaap, maar ek glo U dat dit more met my sal beter gaan.

Vandag weet ek dat dit net die Heilige Gees was wat my gelei het om die volgende dag werk te gaan soek, want ek was te skaam. Ek het sleg gelyk, so sleg dat drie van vier persone wat ek gaan werk soek het (wat saam my op skool was en groot geword het) my skaars herken het, een het selfs vir my gevra: " Is dit regtig jy?"

Die vierde persoon wat ek gaan werk vra het, was saam my op skool en in die polisie. Dit is n wonderlike vrou wat God op my pad geplaas het. Ek het haar my verhaal in kort vertel: Ek is Klomp maande hobo gewees, het drie besighede verloor, wou selfmoord pleeg, was jare n drug

addict en Alkoholis en het Geen Id en my lisensie is weg. Sonder 'n CV. Niks. So sal enige Normale persoon jou uit 'n job uit praat, maar GOD IS N GOD VAN DIVINE APPOINTMENTS EN DIVINE PROMOTION. Josef se storie is n goeie voorbeeld: "Put, prison, palace, world famous, all for God's Glory."

Die vrou het in trane my omhels en gese dat sy my liefhet en Jesus my lief het en my sal help. Binne minder as 24 uur na my beste belegging ooit, het sy my toe, kos, klere, toiletries, geld, werk, blyplek, alles gegee! Ek het 22 maande vir haar gewerk en is toe voltyds in die bediening

'n Deel van haar besigheid was 'n groot skuld invorder tak, dit is waar ek gewerk het en moes mense opspoor wie geld skuld. Dit was 'n baie moeilike job. Ek was onbevoeg om die werk te doen, selfs met 'n BA Polisiekunde Graad wat ek in 1998 deur Unisa verwerf het, kon ek die werk nie doen nie! Selfs met dossiere wat ek in die polisie ondersoek het, kon ek die werk nie doen. Mense wat geld skuld, is soms baie moeilik om te kry, soms is daar min of geen leidrade. Ek het die eerste twee maande net so 2 persone in die hande gekry en gedink dat ek gefire gaan word, omdat ek nie perform nie, BUT GOD SHOWED UP IN A VERY BIG WAY.... Ek dink Gideon moes ook panic toe God meer as 30 000 mans huis toe stuur, en hulle die Midianiete met net 300 man moes aanvat en God hulle toe die oorwinning gegee het

Ek was jare nie in die kerk nie en het eerder my Sondae omgebring met hoere en van extasy trips af gekom - die "crush" na so 'n "high" was altyd "bad" en jare nie Bybel gelees en net gehoor van JESUS SE OPSTANDINGKRAG.

Die Heilige Gees het my gelei om te gaan bid langs Orkney Vaalrivier waar ek so my oe uit my kop gehuil het... Ek het gegaan en in kinderlike geloof een van my Kragtigste gebede ooit gebid. Ek het gebid HEMELSE VADER, EK BID DAT DIE OPSTANDINGKRAG VAN JESUS CHRISTUS IN MY WERK EN DEUR MY WERK, IN MY OMSTANDIGHEDE WERK EN IN MY WERK OOK WERK. AMEN

Net dit... Vir so 30 dae was dit mors dood stil. Ek het begin wonder.... IS GOD NIE DALK DOOD NIE? Ek het elke dag gedink dat ek afgedank gaan word, omdat ek nie "perform" nie en onbevoeg is vir die werk. Na daardie maand, wat my senuwees omtrent klaar was, van stress, stuur God toe 104 kontakte op my pad om my te help met my werk, kontakte by verskeie staatsdepartemente, verskeie banke, verskeie myne, private forensiese maatskappye, intelligensie kontakte, kontakte in die polisie, van die beste privaat speuders in die land en ander kontakte. Ek het 'n lys op die rekenaar gehad, van bo tot onder 104 kontakte, regoor SA.

Ek het met hulle hulp baie persone opgespoor, die een na die ander, dag in, dag uit, baie van hulle het 10 jaar of langer al spoorloos verdwyn, maar is opgespoor. In die begin het ek nie 'n groot salaris gekry, mens moet kruip voor mens loop, maar in minder as 'n jaar daar, het ek n enorme salaris, met baie byvoordele gekry!

Die werk het so goed verloop, dat ek elke dag al so 12 uur met my werk klaar was en dan op internet Christelike artikels en Evangelisasie artikels gelees. God het ook in daardie tyd, op 1 Junie 2016 'n wereldwye Whatsapp bediening op my pad gestuur, wat ek daar by die werk al daagliks preke en gebede gestuur het, 11 maande, voor ek voltyds in die bediening is.

Vir jou wat hierdie getuienis gelees het en dink dat God dood is, in jou lewe en omstandighede wil ek se:

GOD IS LIKE OXYGEN
WE CAN'T SEE HIM, BUT CAN'T LIFE WITHOUT HIM. My gunsteling Bybelvers is Matt 5:3, AMP - "Blessed are those poor in spirit (happy, to be admired, prosperous), those who devoid themselves from spiritual pride, those who regard themselves as insignificant, for the kingdom of heaven is theirs, both now, and forever."

Satan kom om ons te vernietig, maar die graf is leeg en Jesus het geantwoord met: Oor my dooie

liggaam!

GOD IS NOT DEAD.  HE HAS RISEN

En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak, deur Sy Gees wat in julle woon.Romeine 8:11

Glory be to God. Amen

Sluit gerus aan op Whatsapp vir Daaglikse leersame preke en boodskappe. Stuur gerus net naam na 0713094647. Rossi Rossouw Evangelistic Association.
" surpassing excellence by grace"

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Oë wat blink




John Powell, 'n professor aan die Loyola-universiteit in Chicago, vertel van 'n student, Tommy, wat sy kursus, *Theology of Faith*, bygewoon het. Tommy het enige moontlikheid van 'n Vader-God wat onvoorwaardelik liefhet, in twyfel getrek.  Na die eindeksamen het hy vir John gevra: "Prof, dink jy ek sal ooit vir God vind?" John  het geantwoord: "Nee,  ek dink nie jy sal ooit vir God vind nie, maar ek is beslis seker dat Hy vir jou sal vind!"

'n Paar jaar later was Tommy weer by die professor. Tommy het vertel dat hy kanker in albei longe het en dat hy nog net 'n paar weke oor het om te lewe. Sy liggaam was uitgeteer, sy hare het uitgeval van die chemoterapie, maar sy oë het geblink.  Tommy het vertel dat hy  eers werklik vir God begin soek het toe hy gehoor het van die kanker, maar niks het gebeur nie. Hy vertel: "Die kanker het deur my hele liggaam versprei.



Ek het begin om  met my vuiste teen die hemel se poorte te slaan .....maar God het nie te voorskyn gekom nie." Toe het hy op 'n dag net opgehou probeer. Hy het onthou dat die professor gesê het:  "Dit is tragies om deur die lewe te gaan sonder liefde. Maar dit is net so tragies om hierdie wêreld te verlaat sonder dat jy vir diegene wat jy liefhet, vertel het dat jy hulle liefhet." Tommy het toe begin by sy pa en gesê: "Pa, ek is lief vir jou. Ek wou maar net hê jy moet dit weet." Sy pa het gehuil en hom styf omhels. Hulle het die hele nag deur gesels. Dit was vir hom 'n wonderlike gevoel om so naby aan sy pa te wees.

Dieselfde het gebeur met sy ma en sy kleinboet. Tommy het gesê: "Daar was net een ding waaroor ek so bitter jammer was - dat dit so lank moes vat voordat ons hierdie dinge kon doen."

Hy het verder vertel: "En eendag, toe ek weer sien, toe was God daar! Hy het nie na my gekom toe ek Hom gesmeek het en wou voorsê nie.  Ja, u was reg Prof, Hy het my gekry, selfs nadat ek opgehou het om Hom te soek." John het geantwoord: "Wat jy eintlik sê, is dat die maklikste manier om God te vind, is om op te hou om Hom jou persoonlike besitting te probeer maak, of net iemand wat moet help wanneer jy in die nood is."



As ons reeds weet van God en sy verlossingsplan, en ons klop aan die hemelpoort en hoop dat God ons hoor, maar ons doen dit om die verkeerde redes, mag dit wees dat ons teleurgesteld gaan wees. Dit is God wat by óns kom klop sodat ons om die regte redes vir Hóm sal oopmaak.

***(Open. 3:20): Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.***

God praat met ons deur, onder andere, sy Woord, die Bybel. Ons moet Gód se stem hoor ***(Hebr. 3:15): Daarom word daar gesê: "Vandag as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie."*** God wil hê dat ons moet oopmaak vir Hom, ons lewe vir Hom gee, in 'n verhouding met Hom moet leef, Hom sal liefhê, die versoening met Hom moet beleef. Hy wil deel van ons lewe wees, deur sy Gees in ons woon, vir ons 'n Vader wees.

Dikwels is mense afgetakel voordat hulle by die punt kom waar hulle alles aan God oorlaat. En dan sê hulle: "Toe ek weer sien, toe was God daar!" En hulle oë blink.

**Ons hemelse Vader, dankie dat ons kan weet dat U ons baie lief het.**
**Help ons asseblief om ons harte vir U oop te maak.**
**Amen.**

*(Gratis e-pos en/of WhatsApp boodskappe weekliks van gertberning@gmail.com. Gert Berning by https://sites.google.com/view/Gert-berning-sites, YouTube en Christelike Lektuurfonds.)*

## b. Kamer 712



Die hospitaal was ongewoon stil daardie aand in Januarie, dit was asof die atmosfeer besig was om gereed te maak vir 'n geweldige storm. Ek het in die verpleeg personeel se kantoor gestaan en die horlosie teen die muur het die minute afgetik. Dit was 9 uur. Ek het die stetoskoop om my nek gehang en my gehaas na kamer 712, laaste kamer in die lang gang. Kamer 712 was 'n nuwe pasient, 'n Mnr Williams, 'n alleen man, 'n man wat niks te se gehad het oor sy familie nie.

Toe ek die kamer binnegaan, het Mnr Williams gretig opgekyk, maar weer stadig weggekyk toe hy besef dis maar net sy verpleegsuster. Ek het die stetoskoop teen sy bors gedruk en geluister, sterk, stadig het die hartklop in my ore geklink, dit was goeie nuus, in my ore. Daar was amper geen indikasie meer dat hy net 'n paar ure vantevore 'n ligte hartaanval gehad het nie.

Hy het na my gekyk vanuit sy spierwit bed, "suster, sal jy...." hy het gearsel, en die blou oe het in trane geswem, eenkeer vroeer het hy my ook iets probeer vra, maar het toe van plan verander., Ek het sy hand aangeraak en net gewag.....

Hy het oor sy wang gevee waar die trane afgerol het, "sal jy asb my dogter skakel: Se asb vir haar ek het n ligte hartaanval gehad. Jy sien ek woon heeltemal alleen en sy is die enigste familie wat ek het." Skielik begin sy asemhaling al vinniger word. Ek het sy suurstof groter oop gedraai na 8 liters 'n minuut. "Natuurlik sal ek haar skakel," het ek hom verseker terwyl ek sy gesig fyn dophou.

Hy het die lakens vasgegryp, en homself voorentoe getrek, sy gesig vertrek van angs, "Sal jy haar dadelik gaan skakel, so gou as moontlik?', sy asemhaling was heeltemal te vinnig. "Ek gaan haar dadelik skakel," het ek hom probeer kalmeer, "maar nou moet jy rustig raak"

Ek het die lig afgeskakel, die lakens reggetrek en hy het sy oe toegemaak, mooi blou oe, maar oe wat te oud was vir sy 50jaar.

Kamer 712 was donker, behalwe vir 'n baie flou nagliggie wat van erens af lig gegee het. Suurstof het in die groen buise by sy bed saggies geborrel. Ek wou nie loop nie, ek het in die sagte lig na die venster toe beweeg. Die vensterrame was koud onder my hand. Daar ver onder het daar 'n mistigheid oor die hospitaal se parkeerarea gehang. Bo het digte reenwolke die naglug oordek. Ek het gevoel hoe 'n rilling by my ruggraat afloop.

"Suster", kom die stem van die bed af, kan jy vir my pen en papier bring asb" Ek het ‘n stukkie groen papier en ‘n pen uit my sak gehaal en dit op die bedkassie neergesit. "Dankie" se hy saggies en toe glimlag ek vir hom en ek stap uit.

Ek het na die verpleegsters kantoor teruggestap en op die stoel gaan sit, die telefoon nader getrek, sy dogter se nommer was op sy toelatings vorms aangebring en ek het geskakel. ‘n Sagter stem het aan die anderkant geantwoord, "Hallo, dis Janie wat praat" "Janie ek is Sue Kidd, ‘n suster by die hospitaal, ek skakel in verband met jou vader, hy was vandag by die hospitaal opgeneem met ‘n ligte hartaanval....." "Nee, skree sy, ek het my lam geskrik, "moenie vir my se hy is besig om te sterf nie!" Dit was meer ‘n pynlike uitroep as ‘n vraag.

"Sy toestand is stabiel op die oomblik", ek het haar gerus probeer stel. Daar was stilte "Jy moet hom asb nie laat sterf nie!" Haar stem was so desperaat dat my hand wat die telefoon vasgehou het, gebewe het. "Hy ontvang die beste sorg tans" het ek weer probeer. "Jy verstaan nie, het sy gepleit, " Ek en my pappie het al vir amper ‘n jaar nie met mekaar gepraat nie, ons het ‘n vreeslike groot argument gehad oor my kerel op my 21ste verjaarsdag. Ek het uit die huis gehardloop. Ek was nog nooit weer terug nie, In al hierdie maande, wou ek hom al soveel keer om verskoning vra, want die laaste ding wat ek hom toegesnou het, was “EK HAAT JOU"

Haar stem het gebreek en ek kon hoor hoe hartstogtelik sy snik. Ek kon net sit en luister na die pyn in haar stem. ‘n Vader en ‘n dogter, so verlore vir mekaar en toe dink ek aan my eie pappie, wat so ver is. Skielik het ek hierdie vreeslike behoefte om net vir hom te se, ek het hom lief.

Terwyl Janie probeer om haar trane te beheer, bid ek saggies vir haar oor die foon: Vader, laat hierdie dogter haar pappie se vergifnis ervaar.

"Ek kom, se sy, ek sal oor 30 min daar wees" en sy lui af. Ek het myself probeer besig hou met al die leers, maar kamer 712 het my letterlik teruggeroep, ek het die gang afgehardloop en die deur oopgemaak. Mnr Williams het roerloos gele, ek reik vir sy pols, maar daar is niks! "Kode 99, kamer 712 nou. Mnr Williams het n hart stilstand gehad. Met groot spoed het ek die bed gelyk gemaak en oor hom gebuk en lug in sy longe geblaas. Ek tel 1, 2, 3, en doen dit weer, hy moet lewe, hy mag nie nou sterf nie.

"Here, roep ek, sy dogter is op pad, asseblief moenie dat dit so eindig nie, asseblief Here help"

Die deur bars oop en dokters en susters vul die kamer met mediese toerusting. Die dokter neem by my oor, die span werk soos een mens, staan terug roep die dokter en toe skok hulle die hart. "Here asseblief moenie toelaat dat sy dogter met bitterheid en haat moet saam leef nie, sy is op pad, laat sy net vrede kom maak."

Weer en weer word die hart geskok...... geen reaksie nie, Mnr Williams is oorlede.

Daar is ‘n doodse stilte, die suurstof word afgehaal. Hoe kon dit gebeur, hoe gaan ek sy dogter in die oe kyk. Toe ek uitgaan, sien ek haar teen die muur, een van die dokters wat nou net in kamer 712 was, staan by haar.Toe hy wegbeweeg, sak sy teen die muur af tot op die grond. Ek het haar hand geneem en haar na die kantoor gelei, haar oe weerspieel die pyn in haar binneste. "Janie, ek is so jammer" "Ek het hom nooit regtig gehaat nie, jy weet, Ek was baie lief vir hom, kan ek hom asb sien"

My eerste gedagte is die pyn sal teveel wees, maar ek slaan my arm om haar en saam stap ons die lang gang af na kamer 712, sy stoot self die deur oop, Janie stap na die bed, druk haar gesig teen die lakens terwyl rou snikke deur haar liggaam skeur. Ek kyk na die bedtafel en daar is die stukkie groen papier wat ek vroeer vir hom gegee het. In ‘n bewerige handskrif staan daar geskryf: My liefste dogter Janie, ek het jou vergewe. My gebed is dat jy my ook sal vergewe, ek weet jy het my net so lief, as wat ek jou het, baie liefde Pappa"

Ek raak aan haar en hou die stukkie papier na haar toe uit, sy het dit eenkeer gelees, en toe 'n tweede keer en toe breek daar 'n lig deur op haar gesig, sy het die stukkie papier styf teen haar bors vasgedruk.

"Dankie Here, dat U my gebed verhoor het."

Die lewe is soms so broos. Vandag is dit daar en more is dit weg. Ek stap haastig na die telefoon en skakel 'n nommer: "Hallo Pappa, nee, niks is verkeerd nie, wil maar net vir Pappa se, ek het Pappa baie baie lief. Lekker slaap."

Begin hierdie nuwe week sonder die bagasie van gister. Mag elkeen n wonderlike week in God se teenwoordigheid geniet.

### c. Mense sal jou seermaak



Mense sal jou seermaak
MAAR GOD sal jou heelmaak.
Mense sal jou verneder,
MAAR GOD sal jou ophef.
Mense sal jou veroordeel,
MAAR GOD sal jou verdedig.

**VERTROU GOD MET ALLES**

### d. Boom






### 5. So terloops ....

'n Ou sit in die kerk en kollekte bord kom verby.... die ou soek deur sy sak en voel 'n muntstuk, haal dit uit en dit is 'n R5... hy gooi dit in... maar voor die bord loop slaan 'n ou oom agter hom aan sy skouer en gee hom 'n R200. Hy staar na die oom... en gooi die R200 in die bord, soos die bord vorentoe gaan, slaan die oom weer aan sy skouer en se... dit is jou R200. Dit het uit geval toe jy die R5 uithaal.

Ek het vandag 'n nuwe generasie kamera gesien. Die "shutter speed" is so vining, dat dit foto's kan neem, van vroue wie se mond toe is.




## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE | DELMAS |
|---|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** | **2024** |
| 5, 6 April | 18, 19 April | 15 April | 8 & 22 April |
| 10, 11 Mei | 23, 24 Mei | 20 Mei | 6 & 27 Mei |
| 7, 8 Junie | 13, 14 Junie | Geen | 3 &10 Junie |
| 12, 13 Julie | 25, 26 Julie | 29 Julie | 8 & 22 Julie |
| 2, 3 Augustus | 15, 16 Augustus | 19 Augustus | 5 & 12 Augustus |
| 6, 7 September | 12, 13 September | 16 September | 2 & 9 September |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 21 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 25 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881






**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Dankie Here, vir die wonderlike versekering dat U altyd daar is. Dankie Here, vir die engele van Psalm 91:11 wat U uitstuur om ons te bedien. Dankie Here, vir U liefde! Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel, net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus, my Verlosser. Amen.

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee